

Woensdag 23

SKRIFGEDEELTE: JOSUA 2; JOSUA 6:22-25; JAKOBUS 2:25 (OAV/NAV)

FOKUSGEDEELTE: JOSUA 2:9-11

**Ragab – God openbaar die aard van geloof deur die daade van mense**

**D**it lyk met die eerste oogopslag asof Jakobus 2:25 stel dat God Ragab beloon het omdat sy 'n goeie daad gedoen het. Is dit werklik die geval?

In ons teks vertel Ragab die verkenners dat die hele Kanaän van Israel en die almagtige God se aankoms bewus is. Almal is doodbenoud en bang. Hierdie vrees en bewing vir God en sy magtige daade lei hulle egter nie tot bekering nie, maar uiters vyandige optrede. Hierdie optrede identifiseer hulle as vyande van God.

Ragab tree anders op: sy versteek die verkenners, beskerm hulle en help hulle om te ontsnap. Sy doen dit omdat sy diep onder die indruk is van die almag van God. Sy sien die waarheid raak: God is die enigste God wat gedien moet word.

God self het hierdie bewustheid deur die Heilige Gees in haar gesaai. Uit vrye genade gee Hy haar nie net kennis van Hom nie, maar ook egte geloof. Slegs omdat sy glo dat God ook haar God is, tree sy anders op as die res van Jerigo en doen sy goed aan die verkenners. Dit is ook slegs deur geloof dat sy smeek om redding wanneer Jerigo vernietig word. Haar daade is niks anders as die vrug van die geloof wat God haar gegee het nie.

Dit is dus nie Ragab wat so goed is nie. Sy is 'n sondaar, 'n heiden, 'n prostituut; maar iemand wat deur God begenadig is.

God eis van al sy kinders dat ons lewens die vrug dra van die geloof in God wat Hy aan ons gegee het. Deur ons daade, wat in 'n gesindheid van dankbaarheid en oorgawe gedoen word, moet mense kan sien dat ons glo in die enigste, almagtige God, wat sy eie Seun gegee het om aan die kruis te sterf sodat ons van ongeloof en die gevolge daarvan verlos is.

Soos Ragab en haar familie van 'n gewisse dood gered is, is ons deur God se genadige werking deur sy Seun verseker van ewige redding van God se toorn.

*Sing: Ps. 2:1-3 (1936)*

*Ds. SJB (Hannes) Lee (Ladybrand)*